

ST. PACHOMIUS

9 MEI

(sterf 346)



Hy is naby Tebes in Egipte gebore en het heidens groot geword. Teen sy wil word hy as soldaat by die Romeinse leërmag ingedwing. Hy ontmoet Christene en is beïndruk deur hul goedheid en naasteliefde. Ná sy ontslag uit die weermag bekeer hy en ontvang die doop. Hy kom te hore van 'n woestynvader, Palaemon, en word sy dissipel. By hom leer hy die waarde van 'n eenvoudige lewe van gebed en self-opoffering. Later stig hy 'n gemeenskap van kluisenaars by Tabennisi langs die Nyl. Teen die jaar 320 skryf hy ook 'n lewensreël vir die toenemende getal manne en ook vroue wat so 'n lewe wou kom lei. Teen die tyd van sy dood was daar meer as drieduisend manne in nege gemeenskappe en twee gemeenskappe van vroue wat hierdie vroeë vorm van die kloosterlewe beoefen het. Hierdie gemeenskappe sou 'n baie groot rol speel by die verspreiding van die Evangelie.